My pad vir geloofsgroei – 'n Dissipelskap-gespreksriglyn.

Lidmaat _____

Afskop-vraag:
Hoe, meen jy, moet 'n gemeente lyk waar elkeen erns maak met hierdie pad van dissipelskap?

Volgens die Bybel is 'n dissipel van Jesus iemand wat:

erns maak met die groot gebod: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” **(Matt 22:38-39).**

toegewyd is aan die groot opdrag: “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” **(Matt 28:19-20).**

Na besinning het die kerkraad GKR se roeping tans soos volg verwoord:

In Gereformeerde kerk Randburg glo ons dat die Here
ons roep om onder leiding van die Gees
huishouding van God te wees
wat Jesus Christus náleef
en wat Jesus Christus verkondig.

In die lig van ons gesamentlike roeping gee die Here aan elke lidmaat die opdrag en verantwoordelikheid om te groei op sy/haar geloofspad as dissipel, saam met medegelowiges (huishouding van God) en onder leiding van die leiers. Die Bybel noem hierdie groeipad ook heiligmaking (Heb 12:14).

Hierdie dokument is voorberei om elke lidmaat te begelei om biddend selfondersoek te doen en in verantwoordbaarheid 'n dissipelskapspad te onderneem.

A. Selfondersoek:

Hoe lyk 'n lidmaat wat deel is van hierdie huishouding van God?
Ons kernverantwoordelikhede as gelowiges word hieronder gelys in die lig van ons roeping as gemeente. Jy sal die beloftes wat jy tydens jou geloofsbelydenis afgelê het, of wat jy nog gaan maak wanneer jy belydenis aflê, hierin herken.

Deurdink jou huidige dissipelskapspad deur langs elke verantwoordelikheid (diens), wat die Here van ons vra, aan te dui waar jy op jou geloofsreis is. Jy kan dit aandui met die woorde: In orde (wat tans nie dringend groei vra nie); of, Oproep (wat dan beteken dat die Here jou roep om hierin te groei).

Dit is belangrik om te besef dat jy hiermee nie jouself vergelyk met enige ander gelowiges (om jouself te kategoriseer) nie. Die doel hiermee is om eerlik, voor die Here, jou persoonlike geloofsverhouding met Hom te beoordeel om te bepaal waartoe Hy jou roep om te groei - jou persoonlike omstandighede in ag genome.

1. God het my, uit genade in Christus, deel gemaak van sy huishouding!
Daarom het ek die roeping om mee te leef met die GKR as huishouding:

1.1	deur onderlinge byeenkomste in GKR (eredienste, sakramentsbediening, afsprake met my ouderling/diaken/ predikant) as belangrik te ag en te prioritiseer (Heb 10:25)	In orde Oproep
1.2	deur die gawes wat die Here my gee (my geld, my besittings, my tyd, my besondere talente) aan te wend om sy liefde en genade sigbaar te maak teenoor elke ander mens **(1 Kor 12 en 2 Kor 8/9)**	In orde Oproep
1.3	deur geleenthede te skep en te soek om saam met my mede-gelowiges te groei in my verhouding met die Here (deur saam Bybel te lees, saam te bid), sowel as in my verhouding met ander deur mee te leef (deur praktiese liefdesdiens) (Hand 2:43-47)	In orde Oproep

2. God het my gered om Jesus na te volg!
Daarom het ek die roeping om Jesus Christus na te leef (gehoorsaam):

2.1	deur my daarop toe te spits om my liefde vir God en my medemens sigbaar te wys deur daagliks daarna te streef om die Tien Gebooie te gehoorsaam	In orde Oproep
2.2	deur daarop te fokus om die werk/beroep waarvoor die Here my geroep het, getrou en tot sy eer, soos vir Hom en nie vir mense nie, te beoefen (Kol 3:22-23)	In orde Oproep
2.3	deur my gesindheid agter elke optrede biddend te ondersoek en te belyn met die vrug van die Gees, nl liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Gal 5:22)	In orde Oproep
2.4	deur sout en lig te wees wat die kwaad (sonde) binne my leefwêreld, te help aanspreek en sodoende die wêreld te help genees (Matt 5:13-16)	In orde Oproep
2.5	deur as slaaf van Christus teenoor my gemeenskap goed te doen waar ek kan en hulle op hierdie manier te dien (1 Pet 2:11-12)	In orde Oproep

3. God het my uit die duisternis na die lig oorgebring!
Daarom het ek die roeping om van hierdie lig van Jesus te getuig:

3.1	deur myself en my medegelowiges gereeld aan die goeie nuus van God se genade en liefde vir ons te herinner, uit die Woord (Ps 1:3)	In orde Oproep
3.2	deur eensgesindheid met my medegelowiges na te streef sodat die wêreld kan weet dat die Vader vir Jesus as Verlosser gestuur het (Joh 17:23)	In orde Oproep
3.3	deur eerlik die waarheid van die Evangelie in liefde met mekaar te praat (Ef 4:15-16)	In orde Oproep
3.4	deur sensitief te wees vir geleenthede om van Jesus te getuig teenoor afgedwaaldes en ongelowiges en hulle in te nooi in die huishouding van God (Hand 2:47)	In orde Oproep

B. Groei in my toewyding aan die Here



(volgens wat ek beloof het toe ek my geloof bely het).

Besluit voor die Here waaraan jy aandag moet gee om te groei op jou geloofspad oor die volgende 3 tot 6 maande.
Beskryf jou aksieplan:

- T.o.v. deel wees van die huishouding van God
- T.o.v. hoe jy prakties Jesus Christus náleef
- T.o.v. hoe jy Jesus Christus verkondig

C. Toerusting en begeleiding.

Dui aan watter hulp/ toerusting jy nodig het om te groei op jou geloofspad as lidmaat van GKR.

Saam met wie verkies jy om die dissipelskap-pad te stap?

D. Opvolggesprek oor jou geloofsgroei



Jou begeleier (leer-, regeerouderling, wyksleiers) gaan binne die afgesproke tyd (3-6 maande) 'n opvolggesprek met jou voer om

1. te bepaal of die "trajek" van jou dissipelskap-pad opwaarts of afwaarts neig.
2. te bepaal waarmee ons jou verder kan help op jou dissipelskap-pad.

Datum van eerste voltooiing deur lidmaat: _____

Datum dokument teruggestuur na wykleier/ouderling: _____